BYBEL-MEDIA

Jou 2018-Bedieningsvennoot

Nuusbrief 6 / 2018

Lees in die Mei-uitgawe van LiG ...

... waar Elizma Theron vertel hoe sy kies op om God se goedheid te fokus, ná die huisroof wat haar gesin moes deurmaak.

Ons dink aan Hemelvaart, en wys vyf beloftes uit waarom ons daaroor kan fees vier. Ons help jou ook om die Heilige Gees binne jou te ontdek.

Helena Hugo vertel dat haar skryfwerk haar bediening is. En ‘n sportdominee getuig hoe sokker en gehoorsaamheid die evangelie bring.

LiG praat met kenners oor hoe om jou kind te beskerm teen seksuele misbruik. Ons wys jou ook hoe om in jou kind ‘n diensbare hart te kweek.

Om nog van LiG se puik Christelike inhoud te lees, besoek www.lig.co.za

Jongste Bybelkor-publikasies

Liedboek van die kerk ...

(grootdruk en standaard grootte)

622 liedere vir gebruik in eredienste, sangdienste en kleingroepbyeenkomste.

Die navrae oor en aanvraag vir die Liedboek van die kerk het al groter geword, vandaar die herdruk in beide formate. Dit is wonderlik dat méér mense wil sing!

Prys: **R161,40** (BTW en posgeld in RSA ingesluit).

Bybel-Media-Cordis Trust-pryswenners

Tydens die prysoorhandigingsgeleentheid op 23 Maart is oorkondes en pryse aan die volgende persone oorhandig:

1. Bybel-Media-Cordis Trust-prys vir oorspronklike, Afrikaanse Christelike familie- en/of jeugpublikasie aan die skrywers: dr Marlena du Toit, ds Braam Klopper en past Justine Pike vir die publikasie:

   Leeg ... *God se troos na swangerskapverlies of miskraam*.

   Uitgewer: Lux Verbi

BYBEL-MEDIA

Jou 2018-Bedieningsvennoot

2. Bybel-Media-Cordis Trust-pryse vir bydrae tot spesiale projek(te) met ‘n Bybel-Media verbintenis... met deerniswerk, woordkuns en geestelike groei as vernaamste kriteria.

   Ds Jaco Strydom – medewerker en skrywer van Kerkbode-artikels (Echo-Jeugbediening).

   én me Stefné van Dyk – medewerker in LiG-artikel (Hande-vat musiek-projek in Kleinmond).

Baie geluk aan die vyf persone wat by uitsonderlik projekte betrokke is – julle maak ’n verskil!

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za , klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

Groete vanuit Wellington.

Strydom Bruwer
Bybel-Media
E-pos: strydom@bmedia.co.za
Tel: 021 864 8223